Bylae D

Geagte Ouer/Voog

Brief aan ouers/voogde: Vryskelding van bywoning van openbare skole

Suid-Afrika kom te midde van die wêreldwye Koronaviruspandemie voor uitdagende tye te staan.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het maatreëls vir alle skole ingestel om streng gesondheids- en veiligheidsprotokolle te implementeer, by plekke waar die Staat besluit het om skole te heropen om onderrig en leer moontlik te maak. Ons versoek alle beheerliggame om die prinsipaal en senior bestuurspan te help om te verseker dat daar streng voldoen word aan hierdie maatreëls wat bedoel is om die veilig moontlikste omgewing vir alle leerders en onderwysers te skep.

Ons besef dat party ouers gedurende hierdie tyd bekommerd is oor verpligte skoolbywoning, ten spyte van al die gerusstellings wat deur mediese vakkundiges gegee is. Dit is van uiterste belang dat die graad 12's veral, die maksimum leergeleenthede in die beskikbare tyd ontvang terwyl hulle vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei. Die Departement van Basiese Onderwys het deur leiding 'n ruimte geskep vir ouers wat dit moontlik maak om vryskelding van verpligte skoolbywoning vir hulle kinders aan te vra indien hulle wil.

Die Hoof van die Departement mag ingevolge artikel 4 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), 'n leerder van verpligte skoolbywoning vryskeld, as dit in 'n leerder se belang is.

Die Departement van Basiese Onderwys het op 23 Junie 2020 nuwe direktiewe in Goewermentskennisgewing 343 (gepubliseer in *Staatskoerant* No. 43365) vrygestel, kragtens Regulasie 4(3) ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002).

Afdeling 6 van die direktiewe dui aan dat 'n ouer by die Hoof van Onderwys aansoek moet doen om sodanige vryskelding.

Die volgende opsies is aan ouers beskikbaar indien hulle nie hulle kind skool toe wil stuur nie. Hierdie opsies word in **WKOD-riglyn I(a) – Vryskelding van bywoning van openbare skool**

verduidelik en is ook beskikbaar op die WKOD se webwerf: https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school.

Opsie 1: Aansoek om 'n leerder **met komorbiditeite** tydelik van verpligtende skoolbywoning vry te skeld.

Opsie 2: Aansoek om 'n leerder **sonder komorbiditeite** tydelik en voorwaardelik van verpligtende skoolbywoning vry te skeld.

Opsie 3: Intrekking van 'n leerder se registrasie en aansoek om tuisonderrig.

Die doel van hierdie brief is om u as ouer/voog die opsie te bied om aansoek te doen om u kind binne die afsienbare tyd tuis te hou en toesig te hou oor sy/haar tuisleer.

Die WKOD sal ouers tydig via die skool inlig wanneer hierdie toegewing beëindig word.

As u **opsie 1 of opsie 2** wil gebruik, moet u asseblief die volgende doen:

1. Voltooi die aangehegte aansoekvorm (Bylae B (1) vir leerders **met komorbiditeite** of Bylae B (2) vir 'n leerder **sonder komorbiditeite**).
2. Voorsien die skool van 'n verslag deur die mediese praktisyn wat na u kind se toestand omsien oor die mediese geskiedenis daarvan. Dit is slegs van toepassing op diegene wat Bylae B (1) gebruik om aansoek te doen.
3. Voltooi die aangehegte aanvaardingsvorm vir ouers (Bylae C).
4. Die ouer moet 'n afskrif van Bylae B (1 of 2), die mediese verslag (van toepassing op Bylae B (1) en Bylae C by die prinsipaal indien.

Die voorwaardes in Bylae C sluit die volgende in:

1. Die ouer/voog moet aanvaar en instem (Bylae C) dat hulle verantwoordelikheid sal aanvaar vir die toesighouding van hulle kind se tuisleer.
2. Hierdie verantwoordelikhede sluit die volgende in:
    - 'n Omgewing wat bevorderlik vir sy/haar kind se tuisleer is, moet geskep word.
    - Daar moet verantwoordelikheid aanvaar word vir die toesig van die daaglikse tuisleer van sy/haar kind, ingeslote die daaglikse werk en assesserings.
    - Daar moet verantwoordelikheid aanvaar word om toe te sien dat hulle ingelig is oor watter werk geleer moet word en watter werk daagliks afgehandel moet word.
    - Daar moet toegesien word dat alle werk en werkopdragte by die skool afgehaal en afgelewer word, volgens vereiste en met toestemming van die skool.
3. Die ouer/voog moet aanvaar dat, indien daar nie aan die bogenoemde voorwaardes voldoen word nie, hierdie vryskelding opgehef kan word.

4. Die ouer/voog moet aanvaar dat wanneer die toegewing beëindig word, hulle kind moet terugkeer skool toe. As die kind dan langer as 10 dae sonder 'n geldige rede van die skool afwesig is, sal die leerder se registrasie ingetrek word.
5. Indien 'n ouer/voog nie instem tot die verantwoordelikhede hierbo nie, moet die leerder terugkeer skool toe.

Aangesien u kind steeds by die skool as leerder ingeskryf is en gereelde insette en ondersteuning van hulle onderwysers ontvang, bly u, as ouer/voog, verantwoordelik vir die voortgesette betaling van skoolgeld.

Indien u, as ouer/voog, nie hierdie voorwaardes en verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan kan aanvaar nie, moet u kind voortgaan om skool by te woon.

Opsie 3: Intrekking van leerder se registrasie en aansoek om tuisonderrig.

Indien 'n ouer die registrasie van hulle kind wil intrek en aansoek wil doen vir 'n leerder om onderrig by die leerder se huis (tuisonderrig) te ontvang, moet hy of sy aan die regsvereistes vir die voorsiening van tuisonderrig voldoen, soos in artikel 51 van die SASW, 1996 (Wet 84 van 1996) beoog.

Toegang tot die beleid oor tuisonderrig, die rolle en verantwoordelikhede van ouers en die aansoekvorm kan verkry word deur die volgende skakel te gebruik: https://wcedonline.westerncape.gov.za/home-education.

'n Leerder wie se registrasie by 'n skool ingetrek is, sal moet aansoek doen vir toelating en voldoen aan toelatingsvereistes indien hulle weer na 'n openbare skool sou wou terugkeer.

Ons het begrip vir die vrees en kommer wat almal tans beleef en probeer om onderrig in 'n veilige omgewing vir alle leerders en onderwysers moontlik te maak. Vir hierdie doel, het die WKOD 'n reeks van 14 riglyne oor hoe om Covid-19 in skole te hanteer, voorberei. Hierdie riglyne kan besigtig en afgelaai word by https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school.

Ons doen 'n beroep op almal om ons te help deur gesondheids- en veiligheidsprotokolle in ons skole na te kom.

Ons hoop dat u en u gesin veilig sal bly.

Die uwe

BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 03 JULIE 2020